AFRIKAANS


# Tema 6

## Graad 6

Week 2: 28-30 April

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag: 28 April



**Weet jy wat noem ons woorde wat vir ons sê hoe, waar, wanneer, hoeveel of hoe erg die gebeure is?**

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag: 28 April

**En nee, ons gaan <u>nie</u> vandag oor byvoeglike naamwoorde leer <u>nie</u>.**

**Kyk bietjie na die volgende skyfie se voorbeelde en DINK WEER!**

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag: 28 April

soggens

blitsig

weekliks

enorme

vinnig

gister

vinnig

daagliks

snags

daar

mooi

hier

goed

baie

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag: 28 April

LAERSKOOL MIKRO

blitsig

weekliks

enorme

soggens

vinnig

vinnig

daagliks

# BYWOORDE

gister

daar

snags

mooi

hier

goed

baie

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag: 28 April

## **Vandag gaan ons kyk na BYWOORDE.**

- Bywoorde vertel ons meer van werkwoorde, byvoeglike naamwoorde, voorsetsels, telwoorde of ander bywoorde.
- Bywoorde sê vir ons hoe, waar, wanneer, hoeveel of hoe erg die gebeure was.
- Bywoorde kan ook trappe van vergelyking hê.

VIER TIPES BYWOORDE:

| | | |
|---|---|---|
| **Bywoord van tyd:** | Wanneer? | *Skryf daagliks jou huiswerk neer.* |
| **Bywoord van plek:** | Waar? | *Sit die boek hier neer.* |
| **Bywoord van wyse:** | Hoe? | *Lucas kan vinnig hardloop.* |
| **Bywoord van graad:** | Hoe erg/Hoeveel? | *Ek voel baie tevrede oor my punte.* |

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag: 28 April

Aktiwiteit: Skryf die bywoord van elke sin hieronder in jou werkboek en sê elke keer watter soort bywoord dit is.

Opskrif: Bywoorde

1. Onthou om die bestanddele netjies neer te skryf.
2. Ons het genoeg werk.
3. Ons sien snags die sterre.
4. Ons gaan die eksperiment hier uitvoer.
5. Jy moet die vloer vinnig skoonmaak.
6. Ons het gister eksperimente in die klas gedoen.
7. Ek het jou herhaaldelik gewaarsku dat jy gestraf gaan word.
8. Ons moes al die apparaat was en mooi regpak.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woensdag: 29 April

Vandag gaan ons weer jou Afrikaanse periode in 2 gedeeltes van 30 minute opdeel.



Eerste 30 min: LEES

Tweede 30 min: SPEL




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woensdag: 29 April

| Eerste 30 minute | Tweede 30 minute |
|---|---|
| Kry vir jou enige AFRIKAANSE leesboek, tydskrif, koerant, ensovoorts.<br><br>Jy gaan nou vir 25 minute jou lees oefen.<br><br>Nadat die 25 minute verby is, moet jy vir mamma, pappa, boetie of enige iemand by die huis in 2-3 minute vertel waaroor die storie gaan.<br><br>Jy moet in volsinne daaroor gesels en jy mag GEEN Engelse woorde gebruik nie. | In hierdie halfuur gaan jy die volgende 15 spelwoorde leer (Toets 2.2). Jy moet elke woord ten minste 5 keer neerskryf. Doen dit op enige stuk papier (nie in jou boek).<br><br>Nadat jy al die woorde geoefen het, moet jy 8 woordjies kies en 'n goeie sin met elkeen maak.<br>Hierdie sinne moet jy in jou Algemene Boek neerskryf.<br>Enige iemand by die huis kan die sinne merk wanneer jy klaar is.<br><br>Opskrif: Spelgroep 2.2 Sinne |

**TOETS 2.2**

1. karton
2. negatief
3. gewoonlik
4. hakies
5. resultate
6. versierings
7. versigtig
8. herhaaldelik
9. netjies
10. ontploffing
11. mikroskoop
12. deeltjies
13. professor
14. eienaardig
15. buise

Let wel: Wees gereed om more jou speltoets te skryf. Ek gaan 10 woorde vir jou vra.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Donderdag: 30 April

LAERSKOOL MIKRO

Jy gaan nou jou speltoets vir die week skryf.
Opskrif: Speltoets 2.2

**JY MAG NIE NA DIE VOLGENDE SKYFIE KYK VOOR JOU TOETS NIE AFGEHANDEL IS NIE!! Net die persoon wat die woorde vir jou gaan lees, mag nou voor die rekenaar wees.**

Vra vir mamma of pappa om na die volgende skyfie aan te gaan om vir jou 10 woorde te vra.

Wanneer jy klaar geskryf is, kan mamma of papa jou spelwoorde merk.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Donderdag: 30 April

## Spelwoorde 2.2

1. gewoonlik
2. hakies
3. resultate
4. negatief
5. versigtig
6. herhaaldelik
7. netjies
8. ontploffing
9. professor
10. eienaardig

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Donderdag: 30 April

Voltooi asb. ook die volgende oefeninge in jou werkboek.
Voorsien die volgende sinne van die nodige hoofletters waar nodig. Skryf die hele sin uit.

## Opskrif: Hoofletters

1. hy het aan santie gesê dat hy die juffrou moet gaan help.

   ______________________________________________

2. corné het sy pa gevra of hy by gert in johannesburg kan gaan slaap.

   ______________________________________________

3. thomas het gevra: sal pa asseblief ja sê, want ons wil met binnebande in die nelsrivier gaan swem.

   ______________________________________________

4. my kat se naam is spikkels en my krimpvarkie se naam is vroudou.

   ______________________________________________

5. ons ry die eerste saterdag in desember met die gautrein.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Donderdag: 30 April

LAERSKOOL MIKRO

Voorsien die volgende sinne van die nodige hoofletters en leestekens waar nodig.
Skryf die hele sin uit.

Opskrif: Hoofletters en leestekens

1. nadat ons mekaar met modder besmeer het het ons in die rivier gaan swem

   ____________________________________________

2. jacques skreeu eina jy trap op my toon

   ____________________________________________

3. wanneer gaan jy leer om toemond te kou

   ____________________________________________

4. annelie sê ek is lief vir my land suid afrika

   ____________________________________________

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dankie!

LAERSKOOL MIKRO

Jy het week 2 se Afrikaans voltooi. Ons sal al die memorandums vir jou volgende week aanstuur.

Geniet die langnaweek! ☺

Laerskool Mikro Kopiereg ©